HOËRSKOOL CENTURION

# WOERIE-KAMPUS


TELEFOON: 012 664 5803

WWW.HSCENTURION.CO.ZA
INFO@HSCENTURION.CO.ZA

SELBORNELAAN 118
LYTTELTON
CENTURION
0157

POSBUS
14054
LYTTELTON
0140

HOËRSKOOL CENTURION

# WOERIE-KAMPUS

TELEFOON: 012 664 5803 | WWW.HSCENTURION.CO.ZA | INFO@HSCENTURION.CO.ZA
SELBORNELAAN 118, LYTTELTON, CENTURION, 0157 | POSBUS 14054, LYTTELTON, 0140

## DEBIETOPDRAG

### Rekeninghouer

| | | |
|---|---|---|
| Titel: | Van: | Verwysingsnr: |
| Volle name: | | Bedrag: |
| Noemnaam: | ID: | |
| Sel: | Huis: | Werk: |
| E-pos: | | |
| Woonadres: | | |
| | | |

### Leerders tans in Hoërskool Centurion

| Naam en van | Graad |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |

### Datum van aftrekking

| | | |
|---|---|---|
| ☐ Laaste dag van elke maand | ☐ 15de van elke maand | ☐ 25ste van elke maand |

Die debietopdrag is slegs geldig vir die skoolgeld van leerders. Hierdie magtiging kan deur my gekanselleer word, deur Hoërskool Centurion skriftelik, 30 dae kennis te gee. Indien 'n debietorder TWEE KEER geweier word, word dit outomaties gekanselleer.

Die koste van enige weierings sal teen u rekening gedebiteer word.

### Bankbesonderhede

| | |
|---|---|
| Bank: | Tak: |
| Rekeningnommer: | Taknommer: |

Die ontvangs van hierdie opdrag deur u word as ontvangs daarvan deur my/ons bank geag.
Die debietopdrag word jaarliks aangepas met die verhoogde skoolgeld soos goedgekeur deur die ouervergadering in Okt./Nov. van elke jaar.

Geteken te ___________________________ op hierdie _________dag van ______________________20_____.

____________________________________
Handtekening van rekeninghouer

HOËRSKOOL CENTURION
# WOERIE-KAMPUS

TELEFOON: 012 664 5803 | WWW.HSCENTURION.CO.ZA | INFO@HSCENTURION.CO.ZA
SELBORNELAAN 118, LYTTELTON, CENTURION, 0157 | POSBUS 14054, LYTTELTON, 0140

## INSKRYWINGSVORM - Leerder se inligting

| | | |
|---|---|---|
| Volle name: | | |
| Leerder se van: | Voorletters: | |
| Noemnaam: | | |
| Geboortedatum: Dag: | Maand: | Jaar: |
| Nasionaliteit: | | |
| Immigrant: Ja ☐ Nee ☐ | Burgerskap: | |
| ID-nommer: | | |
| Kerkverband: | | |
| Geslag: Dogter ☐ | Seun ☐ | Ander: |
| Huistaal: Afrikaans ☐ | Engels ☐ | Ander: |
| Leerder selfoonnommer: | | |
| Leerder e-posadres: | | |
| Tans in graad: | Jaar in graad: | |
| Vorige skool: | | |
| Hoogste graad geslaag in vorige skool: | | |
| Rede vir skoolverlating: | | |

Alle aansoeke <u>moet</u> deur die volgende dokumente vergesel word:

| | |
|---|---|
| Voltooide aansoekvorm | ☐ |
| Laaste rapport (afskrif) | ☐ |
| Oorplasingsertifikaat (indien leerder reeds een het) | ☐ |
| Geboortesertifikaat / ID-dokument (afskrif) | ☐ |
| Bewys van adres waar leerder woon | ☐ |
| ID-dokument van albei ouers / voog (afskrif) | ☐ |
| Betaling van skoolgelde: Eenmalig ☐ | Debietorder ☐ |

| Kantoorgebruik | |
|---|---|
| Registerklas: | |
| Status van toelating: Aanvaar / Nie aanvaar | |
| Redes indien nie aanvaar nie: | |
| Handtekening Admin: | Fin: |
| Administrasienommer: | Toelatingsnommer: |
| Rekeningnommer: | |

| Name van leerders wat reeds in Hoërskool Centurion is / was: |
|---|
| Noemnaam: |
| Graad: |
| Jaar: |
| Noemnaam: |
| Graad: |
| Jaar: |
| Noemnaam: |
| Graad: |
| Jaar: |
| Noemnaam: |
| Graad: |

| Vakke (Slegs Graad 10-12) | | |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |

**Aktiwiteite waaraan u kind binne of buite skoolverband deelgeneem het by sy/haar vorige skool, asook die hoogste prestasie bereik.**

| Aktiwiteite | Prestasie |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

**Aktiwiteite waaraan u kind graag sou wou deelneem by Hoërskool Centurion.**

| Sport | | | Kultuur | | |
|---|---|---|---|---|---|
| ☐ Rugby | ☐ Tennis | ☐ Luggeweer | ☐ Redenaars | ☐ Marimbas | ☐ Debat |
| ☐ Hokkie | ☐ Atletiek | ☐ Skaak | ☐ Orators | ☐ Lig | |
| ☐ Netbal | ☐ Landloop | ☐ Robotika | ☐ Toneel | ☐ Cleopatra | |
| ☐ Krieket | ☐ Bergfiets | ☐ Jukskei | ☐ Revue | ☐ Fotografieklub | Ander |
| ☐ Sagtebal | ☐ Hengel | ☐ Gholf | ☐ Woer-War | ☐ Koor | ☐ Woerie -Mediahuis |

| Inligting Naasbestaande / Kontakpersone (In geval van nood) | | | |
|---|---|---|---|
| Naam: | | Naam: | |
| Verwantskap: | Tel: | Verwantskap: | Tel: |

| Gesondheidsinligting / Mediese inligtinhg | | |
|---|---|---|
| Kroniese siektes: | | Allergieë: |
| Medikasie: | | Spesiale behoeftes van leerder: |
| Huisdokter: | | Dr. Tel: |
| Huisdokter se adres: | | |
| Mediese fonds: | | Mediesefondsplan: |
| Hooflid van fonds: | Mediesefondsnommer: | Afhanklike nommer: |

| Biologiese vader / voog se inligting | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Volle name: | | | | | |
| Van: | | | Titel: | | |
| Noemnaam: | | | | | |
| Status van gesin: (Kies waar van toepassing) | | | | | |
| Getroud, beide ouers | ☐ | Geskei, bly by ma | ☐ | Ouers oorlede: | |
| Wewenaar | ☐ | Stiefma | ☐ | Vader | ☐ |
| Geskei, bly by pa | ☐ | Voogde | ☐ | Moeder | ☐ |
| Stiefpa | ☐ | Vervreem, bly by pa | ☐ | Geen | ☐ |
| Weduwee | ☐ | Vervreem, bly by ma | ☐ | | |
| Woon die leerder by hierdie ouer? | Ja ☐ | Nee ☐ | Ander: | | |
| Nasionaliteit: | | | Geslag: | | |
| ID-nommer: | | | | | |
| Geboortedatum: | Dag: | Maand: | Jaar: | | |
| Huistaal: | Afrikaans ☐ | Engels ☐ | Ander: | | |
| Kommunikasievoorkeur: | E-pos ☐ | D6 ☐ | | | |
| Selfoonnommer: | | | | | |
| Huistelefoon: | | | | | |
| E-pos: | | | | | |
| Woonadres (Hierdie adres dien as gekose domicilium citandi et executandi): | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | Kode: | | |
| Posadres (Indien anders): | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | Kode: | | |
| Beroepstatus: | | | | | |
| Beroep: | | | | | |
| Werkgewer: | | | | | |
| Werkstelefoonnommer: | | | | | |
| Werkgewer fisiese adres: | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

| Biologiese moeder / voog se inligting (Indien dit verskillend is) | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Volle name: | | | | | |
| Van: | | | Titel: | | |
| Noemnaam: | | | | | |
| Status van gesin: (Kies waar van toepassing) | | | | | |
| Getroud, beide ouers | ☐ | Geskei, bly by ma | ☐ | Ouers oorlede: | |
| Wewenaar | ☐ | Stiefma | ☐ | Vader | ☐ |
| Geskei, bly by pa | ☐ | Voogde | ☐ | Moeder | ☐ |
| Stiefpa | ☐ | Vervreem, bly by pa | ☐ | Geen | ☐ |
| Weduwee | ☐ | Vervreem, bly by ma | ☐ | | |
| Woon die leerder by hierdie ouer? | Ja ☐ | Nee ☐ | Ander: | | |
| Nasionaliteit: | | | Geslag: | | |
| ID-nommer: | | | | | |
| Geboortedatum: | Dag: | Maand: | Jaar: | | |
| Huistaal: | Afrikaans ☐ | Engels ☐ | Ander: | | |
| Kommunikasievoorkeur: | E-pos ☐ | D6 ☐ | | | |
| Selfoonnommer: | | | | | |
| Huistelefoon: | | | | | |
| E-pos: | | | | | |
| Woonadres (Hierdie adres dien as gekose domicilium citandi et executandi): | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | Kode: | | |
| Posadres (Indien anders): | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | Kode: | | |
| Beroepstatus: | | | | | |
| Beroep: | | | | | |
| Werkgewer: | | | | | |
| Werkstelefoonnommer: | | | | | |
| Werkgewer fisiese adres: | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

## ONDERNEMING DEUR OUER/VOOG

Ek, die ondergetekende, doen hiermee aansoek by Hoërskool Centurion vir die registrasie van my kind/ers vir die huidige akademiese jaar. Ek onderneem en stem onvoorwaardelik toe tot die betaling van die skoolfonds, indien van toepassing soos vasgestel deur die skool se beheerliggaam en bevestig by die vergadering van die ouerliggaam soos voorgeskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet.

**Ek bevestig en verstaan ook hiermee die volgende bepalings en voorwaardes van registrasie:**

1. Ek is die ouer en/of wettige voog van die leerder(s) en behoorlik gemagtig om hierdie dokument te voltooi en sal verbind wees hiertoe.
2. In terme van die SA Skolewet is beide biologiese ouers, gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik vir die betaling van die skoolfonds ongeag hulle huwelikstatus.
3. In die geval van wanbetaling behou die skool die reg voor om teen beide biologiese ouers op te tree nieteenstaande enige egskeidingsooreenkoms, onderhoudsbevel of enige ander ooreenkoms welke mag bestaan tussen die betrokke ouers.
4. Skoolfonds is betaalbaar voor of op die 1ste van elke maand.
5. Finansiële bystand:
   - 5.1 Ouers wat nie in 'n posisie is om die skoolfonds te betaal nie, mag aansoek doen vir vrystelling van skoolfonds soos voorgeskryf in die SA Skolewet. Aansoeke vir vrystelling is by die finansieskantoor vanaf Januarie beskikbaar en moet nie later as April van die betrokke jaar ingehandig word nie.
   - 5.2 Daar moet behoorlik aan die bepalings en voorwaardes van die betrokke aansoek voldoen word ten einde die skool in staat te stel om die aansoek te oorweeg.
   - 5.3 Beide biologiese ouers moet volledige bewys lewer van inkomste, naamlik salarisstrokies, bankstate, belastingopgawes en/of enige ander dokumentasie.
   - 5.4 Die skool mag enige en alle inligting soos voorsien deur die ouer hou en prosesseer deur middel van 'n rekenaar en/of enige ander prosedure wat die skool mag goeddink.
   - 5.5 Die skool mag 'n kredietnavraag en/of kredietinligting van die betrokke ouers aanvra by enige geregistreerde kredietinstansie en/of kredietagente en/of kredietverskaffers.
6. Indien die Ouer/Voog versuim om enige betaling wat ingevolge hierdie Ooreenkoms verskuldig is, op die vervaldatum te maak, of enige ander wesenlike bepaling van hierdie Ooreenkoms verbreek, sal die Skool geregtig wees, sonder benadeling van enige ander regte tot sy beskikking, om alle uitstaande skoolfondse en verwante kostes vir die res van die akademiese jaar onmiddellik opeisbaar en betaalbaar te verklaar.
   By toepassing van die versnellingsklousule sal die volle uitstaande balans onmiddellik betaalbaar wees, nieteenstaande enige vorige reëling vir betaling per paaiemente. Die Skool behou die reg voor om regstappe te doen vir die invordering van sodanige bedrae en om alle redelike regskoste aangegaan te verhaal, insluitend invorderingskommissie, naspoorkoste en prokureur-en-kliënt-koste, waar van toepassing.
7. Resolusie 3 wat tydens die Algemene Jaarvergadering in 2024 goedgekeur is, is van toepassing:
   "Alle gelde wat inbetaal word, word eers teen agterstallige skoolgelde aangewend, dus sal geen leerder aan enige ander aktiwiteite / toere / kampe / matriekafskeid (nie verpligte skoolaktiwiteite) kan deelneem indien die skoolfonds nie op datum betaal is nie en waar daar geen afbetalingsooreenkoms aangegaan is waarby u gehou het nie"
8. Indien regsaksie ingestel word vir die verhaling van agterstallige skoolfonds, word daar hiermee toegestem tot die heffing van prokureur en eie-kliëntfooie, sowel as die betrokke invorderingskommissie.
9. Die skool behou die reg voor om 'n inskrywing van wanbetaling teen die betrokke ouers se kredietrekord te maak welke in die skool se diskresie sal val.
10. Indien daar enige navraag en/of dispuut op u rekening is, moet die finansieskantoor dadelik skriftelik in kennis gestel word.
11. Die ondergetekende kies hiermee as sy domicilium citandi et executandi die adres soos hierop ingevul. Enige adresverandering moet skriftelik aan die finansieskantoor deurgegee word.
12. Ek verstaan dat die skool die reg het om enige inligting soos voorsien te bevestig. In die geval van vals voorsiende inligting behou die skool die reg voor om kriminele klagtes te lê en welke in die diskresie van die skool hanteer sal word.
13. Dat ek, uit hoofde van my verbintenis met Hoërskool Centurion sal toesien dat my kind hom/haar hou by nakoming van die leerdergedragskode en reëls wat deur die hoof of beheerliggaam vasgestel is.
14. Ek sal berus by enige dissiplinêre stappe deur die hoof of beheerliggaam wat mag voortspruit uit die herhaaldelike oortreding van hierdie leerdergedragskode en reëls.
15. Enige afwykings vanaf die skool se dissipline beleid kan gedoen word met 'n afwykings aansoek wat verkrybaar is in die algemene kantoor.

Onderteken te ____________________________ op hierdie dag__________________________van 20_____.

| ____________________________ | ____________________________ | __________________________ |
|---|---|---|
| Handtekening van ouer/voog 1: | Handtekening van ouer/voog 2: | Handtekening van leerder: |

# TOESTEMMINGSVORM

Hiermee gee ek, (volle naam en van) ____________________________________________, ouer /

voog van (leerder se volle naam en van) ____________________________________________,
toestemming dat hy/sy aan enige fondsinsamelingsprojek, sakebedrywigheid of enige ander aktiwiteit buiten 'n skoolaktiwiteit ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet mag deelneem, wat deur die beheerliggaam of skoolhoof goedgekeur is, hetsy op of weg van die skoolterrein.

Ek besef dat my kind op eie risiko aan bogenoemde aktiwiteite deelneem. Ek verleen verder toestemming dat die personeel van die skool, of 'n persoon wat deur die skool aangewys word, my kind na en van die aktiwiteite weg van die skoolterrein vervoer.

Ek verleen verder toestemming dat die opvoeders van die skool, of 'n persoon wat deur die skool aangewys word, my kind na en van die skoolterrein vervoer vir doeleindes van skoolaktiwiteite wat weg van die skoolterrein plaasvind.

In gevalle waar 'n opvoeder 'n leerder vrywillig en in 'n nie-amptelike hoedanigheid vervoer, word dit 'n reëling tussen die ouers en opvoeder, en aanvaar die skool geen verantwoordelikheid vir enige risiko's nie.

Ek neem kennis dat my kind onder die toesig van die personeel van die skool, of 'n persoon wat deur die skool aangewys word, sal wees, welke persoon/persone met die nodige sorg sal optree om die veiligheid van my kind te verseker. Ek besef voorts dat die personeel van die skool, persone wat aangewys word deur die skool, die beheerliggaam en die skool self nie aanspreeklik gehou kan word vir die verlies van enige persoonlike besitting of enige ander verlies of enige verlies of skade wat opgedoen of gely kan word nie. Daarom doen ek hiermee afstand van enige eis hoegenaamd teen die skool wat kan voortvloei uit enige skade of verlies vanweë deelname aan bogemelde aktiwiteite.

As ouer/voog verleen ek hiermee toestemming aan die verantwoordelike personeel van die skool, of 'n persoon wat deur die skool aangewys word, om dringende mediese hulp vir my kind te bekom indien dit nodig sou word ten tye van sy/haar betrokkenheid by aktiwiteite waarop hierdie toestemming betrekking het. Sover ek weet, verkeer my kind in goeie gesondheid. Die verantwoordelike persoon/persone word egter versoek om op die volgende te let: (Noem hier enige gebrek, gesondheidsrisiko, swakheid of afwyking waaraan u kind ly en/of enige spesiale bedrywighede waaraan u kind nié mag deelneem nie. Meld ook enige medisyne of allergieë.)

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

Ek neem kennis van die volgende:

1. Dat hierdie toestemming nie van toepassing is op skoolaktiwiteite nie, en dat die staat aanspreeklik is vir enige skade wat uit 'n skoolaktiwiteit spruit.
2. Dat hierdie toestemming geensins 'n afstanddoening is van enige eis wat die minderjarige self kan instel nie.
3. Dat indien ek hierdie ooreenkoms wil herroep, ek dit in enige stadium kan doen deur 'n brief aan die skoolhoof te stuur.

Onderteken te ____________________ op hierdie dag____________________van 20_____.

____________________ ____________________

Handtekening van ouer/voog 1: Handtekening van ouer/voog 2:

1. 'n Skoolaktiwiteit word omskryf as "enige amptelike opvoedkundige, kulturele, ontspannings- of sosiale aktiwiteit van die skool op of buite die skool se perseel".
2. Artikel 60(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet bepaal dat die staat aanspreeklik is vir enige skade wat uit 'n skoolaktiwiteit spruit: "(1) (a) Behoudens paragraaf (b) is die Staat aanspreeklik vir enige skade of verlies wat veroorsaak word as gevolg van enige daad of versuim in verband met enige skoolaktiwiteit wat deur 'n openbare skool bedryf word en waarvoor sodanige openbare skool aanspreeklik sou gewees het by gebrek aan die bepalings van hierdie artikel."

## TOESTEMMING VIR DIE VERVOER VAN LEERDERS

Hiermee gee ek, ______________________________________________________________, ouer/voog

van (leerder se naam en van) ______________________________________________________________

in graad __________, toestemming dat hy/sy aan enige skoolaktiwiteit weg van die skoolterrein mag deelneem.

Ek verleen verder toestemming dat die opvoeders van die skool, of 'n persoon wat deur die skool aangewys word, my kind na en van die skoolterrein vervoer vir doeleindes van skoolaktiwiteite wat weg van die skoolterrein plaasvind.

Ek neem kennis van die volgende:

1. Dat hierdie toestemming van toepassing is op skoolaktiwiteite en dat die staat aanspreeklik is vir enige skade wat uit 'n skoolaktiwiteit kan spruit.
2. Dat hierdie toestemming geensins 'n afstanddoening is van enige eis wat die minderjarige self kan instel nie.

Onderteken te ___________________________ op hierdie dag_________________________van 20_____.

______________________________ ______________________________

Handtekening van ouer/voog 1: Handtekening van ouer/voog 2:

1. 'n Skoolaktiwiteit word omskryf as "enige amptelike opvoedkundige, kulturele, ontspannings- of sosiale aktiwiteit van die skool op of buite die skool se perseel".
2. Artikel 60(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet bepaal dat die staat aanspreeklik is vir enige skade wat uit 'n skoolaktiwiteit spruit: "(1) (a) Behoudens paragraaf (b) is die Staat aanspreeklik vir enige skade of verlies wat veroorsaak word as gevolg van enige daad of versuim in verband met enige skoolaktiwiteit wat deur 'n openbare skool bedryf word en waarvoor sodanige openbare skool aanspreeklik sou gewees het by gebrek aan die bepalings van hierdie artikel."

## TOESTEMMINGSVORM VIR DEELNAME AAN SKOOLAKTIWITEITE

1. Ek, (volle naam en van) ______________________________________________________, ouer / voog

   van (leerder se volle naam en van) ______________________________________________, gee hiermee toestemming dat hy/sy aan sport-, kultuuraktiwiteite, opvoedkundige toere en uitstappies mag deelneem.
2. Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van my kind en dat ek nie ongevalle, beserings, diefstal en enige onvoorsiene gebeure aan die verantwoordelike personeel sal toeskryf nie.
3. Ek dra my magte as ouer/voog oor aan die hoof van die skool of sy verteenwoordiger indien mediese behandeling / chirurgiese ingryping vir my kind nodig mag wees. Sover ek weet, is hy/sy fisies in staat om aan die bogenoemde aktiwiteite deel te neem en verkeer hy/sy in goeie gesondheid.
4. Ek versoek egter dat daar gelet word op spesiale behoeftes indien enige: (bv. allergieë, abnormale bloeding, epilepsie ens.):

   ______________________________________________________________________________

   ______________________________________________________________________________

Onderteken te ___________________________ op hierdie dag_________________________van 20_____.

______________________________ ______________________________

Handtekening van ouer/voog 1: Handtekening van ouer/voog 2:

HOËRSKOOL CENTURION
WOERIE-KAMPUS

TELEFOON: 012 664 5803 | WWW.HSCENTURION.CO.ZA | INFO@HSCENTURION.CO.ZA
SELBORNELAAN 118, LYTTELTON, CENTURION, 0157 | POSBUS 14054, LYTTELTON, 0140

# TOESTEMMING OM PERSOONLIKE INLIGTING TE GEBRUIK

- Deur toe te stem tot die bepalings van hierdie inligtingsvorm, magtig ek ouer/voog, hiermee HOËRSKOOL CENTURION vrywillig om u persoonlike inligting sowel as dié van die leerder te verwerk, (met inbegrip van die name, straatadres, telefoonnommers en enige ander inligting wat u aan die skool verstrek).
- Verwerking sluit in die ontvangs, optekening, organisering, insortering, stoor, bywerking of aanpassing, herwinning, wysiging, raadpleging en gebruik; die verspreiding by wyse van oorsending, uitreiking of beskikbaarstelling in enige ander vorm, of die samesmelting, koppeling sowel as inperking, uitwissing of vernietiging van inligting.
- Hierdie toestemming is onmiddellik van krag en sal van krag bly totdat een van die voorwaardes ingevolge paragraaf 8 van die Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting nagekom is.
- Die persoonlike inligting mag slegs verwerk word indien dit voldoende, tersaaklik en binne perke is in die lig van die doel waarvoor dit verwerk word en indien verwerking ooreenkomstig die betrokke bepalings van POPIA geskied. Die doel van die verwerking van inligting moet met 'n werksaamheid of aktiwiteit van die skool verband hou.
- Daarbenewens neem u hiermee kennis dat HOËRSKOOL CENTURION persoonlike inligting met betrekking tot die behoorlike funksionering, bestuur en beheer van die skool insamel en verwerk, soos wat die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 en ander tersaaklike onderwyswetgewing en -beleide voorskryf.
- Die tipe inligting sal afhang van die doel waarvoor dit ingesamel word en sal ook slegs vir daardie doel verwerk word.
- Ingevolge artikel 11 van POPIA kan persoonlike inligting slegs in die volgende omstandighede verwerk word:
    - Indien die datasubjek, of 'n bevoegde persoon ingeval die datasubjek 'n kind is, tot verwerking toestem.
    - Indien verwerking noodsaaklik is vir die uitvoering van handelinge met die oog op die sluiting of nakoming van 'n kontrak waarin die datasubjek 'n party is.
    - Indien verwerking voldoen aan 'n plig wat die skool volgens wet opgelê word.
    - Indien verwerking 'n regmatige belang van die datasubjek beskerm.
    - Indien verwerking noodsaaklik is vir die uitoefening van 'n openbare regsplig.
    - Indien verwerking noodsaaklik is om in die skool se regmatige belang op te tree.

**U regte ingevolge hierdie toestemming**

U het die volgende regte:

- Die reg om te weet watter inligting gehou word, hoe dit gebruik word en wanneer die skool dit sal bekend maak. Ál voormelde inligting word vervat in ons Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting en ons Privaatheidsbeleid, wat beskikbaar is en by ons kantore bekom kan word.
- Die reg om u besonderhede reg te stel. Die skool sal u inligting bygewerk probeer hou. Indien enige van u besonderhede egter verander, stel ons asseblief in kennis sodat ons rekords so akkuraat moontlik kan wees.
- Die reg om u toestemming terug te trek. U mag die toestemming wat u ons ingevolge hierdie vorm gee in enige stadium terugtrek. U terugtrekking moet op skrif geskied en aan die inligtingsbeampte van die skool gerig word. Teruggetrekte toestemming is nie terugwerkend van krag nie en sal dus nie enige vorige of bestaande gebruik van u inligting raak nie.

**Toestemming om bemarkingsinligting te ontvang**

Deur tot die bepalings van hierdie toestemmingsvorm in te stem, gee u uitdruklik toestemming dat u inligting vir bemarkingsdoeleindes verwerk word en verstaan u dat deur toestemming te gee, u bemarkingsmateriaal in die vorm van e-posse en dies meer van die skool kan ontvang.

HOËRSKOOL CENTURION

# WOERIE-KAMPUS

TELEFOON: 012 664 5803 | WWW.HSCENTURION.CO.ZA | INFO@HSCENTURION.CO.ZA
SELBORNELAAN 118, LYTTELTON, CENTURION, 0157 | POSBUS 14054, LYTTELTON, 0140

## TOESTEMMINGSVORM MET BETREKKING TOT LEERDERFOTO'S/-BEELDMATERIAAL/-VIDEO'S

Ek, (skryf asseblief volle name en van netjies in blokletters)

_______________________________________________

verleen hiermee toestemming aan Hoërskool Centurion om foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) hieronder te vertoon as deel van:

- 'n demonstrasie/projek/aktiwiteit in die loop van klaskameronderrig;
- 'n voorbeeldprojek/-aktiwiteit op CD wat vir gebruik in opvoedkundige werksessies, klaskamers, advertensies, ensovoorts deur die skool geskep is;
- die skool se webblaaie en sosialemediaplatforms;
- voorbeelde wat aan programuitgewers gegee, of wedstrydinskrywings wat by borge ingedien word;
- video-opnames vir 'n program in verband met die skool wat op 'n televisiestasie uitgesaai sal word; en/of
- enige gedrukte publikasie, wat insluit, dog nie beperk is nie tot, koerante, tydskrifte, jaarboeke, ensovoorts.

Deur hierdie toestemming te verleen, begryp ek dat die skool foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) kan gebruik vir doeleindes soos om prestasies te vier en onderwysgeleenthede bekend te maak, soos wat die skoolbeheerliggaam en die skoolhoof goeddink, en dat sodanige gebruik vertoning in die skoolfotogalery kan insluit.

Ek verstaan voorts dat hoewel die skool wat met die foto's/beeldmateriaal/video's verbind word, geïdentifiseer sal word, en volwassenes wat in foto's/beeldmateriaal/video's verskyn by die naam genoem mag word, die naam/name of ander persoonlik identifiseerbare inligting van die kind(ers) nie saam met enige foto/beeld/video gebruik sal word nie.

Ek onderteken hierdie toestemmingsvorm in die wete dat enige foto's/beeldmateriaal/video's wat op die skool se webtuiste gepubliseer word, deur verskeie nuusorganisasies, waaronder gedrukte, elektroniese en uitsaaimedia, bekom en gereproduseer kan word, en daarom vrywaar ek die skool van enige aanspreeklikheid wat kan ontstaan uit die gebruik van foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) in skoolwebpublikasies.

Daarbenewens begryp ek dat daar moontlike gevare bestaan in verband met die publikasie van foto's, beeldmateriaal en video's op 'n webtuiste, aangesien wêreldwye toegang tot die internet dit onmoontlik maak om te beheer wie toegang tot die inligting verkry.

Ek verstaan ook dat indien ek hierdie ooreenkoms wil herroep, ek dit in enige stadium kan doen deur 'n brief aan die skoolhoof te stuur.

| Naam/name van leerder(s): | Adres: |
|---|---|
| | |
| | |
| Naam van ouer/voog: | Stad: |
| Telefoonnommer: | Poskode: |

Onderteken te ____________________ op hierdie dag ____________________ van 20_____.

Handtekening van ouer/voog 1: ____________________ Handtekening van ouer/voog 2: ____________________ Handtekening van leerder: ____________________

*Leerders van 18 jaar of ouer mag hierdie toestemmingsvorm self onderteken.

HOËRSKOOL CENTURION
WOERIE-KAMPUS

TELEFOON: 012 664 5803 | WWW.HSCENTURION.CO.ZA | INFO@HSCENTURION.CO.ZA
SELBORNELAAN 118, LYTTELTON, CENTURION, 0157 | POSBUS 14054, LYTTELTON, 0140

## AANHANGSEL A

SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, 84 VAN 1996
REGULASIES VIR DIE VRYSTELLING OF VERMINDERING VAN SKOOLGELDE

**Voltooi asseblief die volgende volledig en merk die toepaslike blokkie met 'n "√".**
**(Alle ouers moet hierdie vorm voltooi ongeag of u wil aansoek doen of nie.**
**Indien ouers geskei is en hulle aansoek vir vrystelling wil doen, moet hulle die vorm fisies self onderteken.**
**As daar nie aansoek gedoen wil word nie, is dit nie nodig nie.)**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Het die hoof/skool u ingelig aangaande die bedrag wat jaarliks betaalbaar is vir skoolgelde? | ☐ JA | ☐ NEE |
| 2. | Het die hoof/skool u ingelig dat u verantwoordelik is vir die betaling van skoolgelde tensy daar vrystelling aan u verleen is? | ☐ JA | ☐ NEE |
| 3. | Het die hoof/skool u ingelig dat u geregtig is om aansoek te doen vir vrystelling of vermindering van skoolgelde? | ☐ JA | ☐ NEE |
| 4. | Wil u aansoek doen vir vrystelling of vermindering van skoolgelde? | ☐ JA | ☐ NEE |
| 5. | Het u hulp nodig om die aansoek te voltooi en in te dien? | ☐ JA | ☐ NEE |
| 6. | Het die hoof/skool u voorsien van 'n aansoekvorm vir vrystelling? (Dokument beskikbaar by die finansiële beampte van die skool) | ☐ JA | ☐ NEE |

Onderteken te ____________________________ op hierdie dag__________________________van 20_____.

________________________________ ________________________________ ____________________________
Handtekening van ouer/voog 1: Handtekening van ouer/voog 2: Hoof:

HOËRSKOOL CENTURION
WOERIE-KAMPUS

TELEFOON: 012 664 5803 | WWW.HSCENTURION.CO.ZA | INFO@HSCENTURION.CO.ZA
SELBORNELAAN 118, LYTTELTON, CENTURION, 0157 | POSBUS 14054, LYTTELTON, 0140

## AANHANGSEL B

## TOESTEMMINGSVORM VIR ELEKTRONIESE PDF-DOKUMENT

Tik die onderstaande bokse om erkenning van voorwaardes te merk.

Hiermee aanvaar ek ouer/voog 1 (volle naam en van),

________________________________________________________________,

Hiermee aanvaar ek ouer/voog 2 (volle naam en van),

________________________________________________________________,

ouer/voog van (leerder se volle naam en van).

________________________________________________________________,

- ☐ die tik van die boks as handtekening dien.
- ☐ die inhoud gelees is wat in die aansoekvorm vervat is.
- ☐ die inligting verskaf eerlik en eg is.
- ☐ Indien u geskei is, die ander persoon self die aansoekvorm onderteken deur sy naam in te tik wat dien as sy handtekening. Hy/sy/hom/haar vergewis het van die inhoud van die aansoekvorm.

Onderteken te ____________________ op hierdie dag ____________________ van 20_____.

____________________ ____________________

Handtekening van ouer/voog 1: Handtekening van ouer/voog 2:

☐ Ouer / voog 1 ☐ Ouer / voog 2